



trinitas

1 Verlos

Baie welkom by Trinitas!

*Ons sien onself as 'n verlose familie van diensknegte wat gestuur is.
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!*

SONDAG, 18 NOVEMBER 2018

OGGEND 09:00

CHRISTUS HELP ONS IN ONS ONGELOOF

Skriflesing: Markus 9:14-29 & Sondag 7

Ware geloof – dit is iets wat al hoe skaarser word in ons wêreld. Tog beteken dit nie dat my en jou geloof perfek en volmaak is nie. Ons twyfel gereeld en ons geloof wankel. Deur gebed versterk die Gees ons daaglik sodat ons kan groei in ons geloof, nader aan 'n ware, opregte geloof.

'n Ware geloof roep elkeen van ons daaglik op om ook uit te roep – *Help my in my ongelooft.*

AAND 18:00

DIE LEË BELOFTES VAN 'LOU GELOOF

Openbaring 3.

Die gemeente in Laodisea word aangespreek oor hulle geloof wat lou geword het. Die gevolge van hierdie louheid is armoede, blindheid en naaktheid. Dit is egter nie fisiese eienskappe nie, maar die geestelike gevolge van die afgewaterde geloof. Kom gesels saam hoe God ons konteks gebruik om ons op te roep tot bekering en dan ook uitstuur binne ons unieke omstandighede.

PROGRAM VIR DIE WEEK

Vandag

Diakonievergadering

Dinsdag, 20 November

Bybelstudie 18:30

Woensdag, 21 November

Bybelstudie 09:00

SONDAGAANDE: 3E KWARTAAL

Datum	Geleentheid
18 November	Aandbyeenkoms
25 November	Nagmaal
2 Desember	Aandbyeenkoms
9 Desember	Aandbyeenkoms



facebook.com/GKTrinitas



**Besoek GK Trinitas se facebook-blad
weekliks vir preekopsommings,
GKSA nuus en afkondigings.**

KINDER-EREDIENSBEGELEIDING

Kinders vanaf 3 oud jaar tot graad 4 is welkom om by die erediensbegeleiding aan te sluit wanneer die leraar hulle vorentoe roep. Kontak gerus vir Petra Tromp ☎0823316151 met enige vrae en voorstelle.



JEUGBEDIENING

Sondae 10:00: Graad 1 – 6

Sondae 16:30: Graad 7 – 11

Beplanning vanaf Sondag, 22 Julie:

Graad 1 – 3: Eenheid 6-8

Graad 4 – 6: Eenheid 6-8

Graad 7 – 9: Feelings and emotions,
Followers of Jesus

Graad 10: Heidelbergse Kategismus



Familie

LIEF EN LEED

- Hartlik geluk aan almal wat vanoggend belydenis van hul geloof afgelê het. Geluk ook aan die ouers.
- Amanda J van Vuuren ☎0724102940 is in Vaalpark hospitaal opgeneem met bloedklonte in haar bene.

Ons bid vir alle ander lidmate wat met siekte en swakheid worstel.

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry en vreugdes.

VERJAARSDAE:HARTLIK GELUK!

18/11	Cherise Bloem	☎0824515375
18/11	Petra Tromp	☎0823316151
18/11	Karin Whiteman	☎0837708096
19/11	Gail Gericke	☎0829331908
19/11	Christa van Bemmell	☎0832847280

19/11	Bettie van Rooyen	☎0781936662
20/11	Adri Geere	☎0769592923
21/11	Elmiene Nel	☎0828261339
22/11	Maarten van Helden	☎0822932093
24/11	Kanya Lourens	☎0169324849
24/11	Dian Smith	☎0836618381

SPESIALE VERJAARSDAE

21 Nov. Elmiene Nel, 93.

HUWELIKSHERDENKINGS

20 Nov.	Johan en Anette Venter ☎0823087001	31 jaar
23 Nov.	Danie en Lynette Roelofse ☎0169311591	55 jaar
27 Nov.	Fanie en Franciska vd Merwe ☎0827818032	27 jaar

NUWE LIDMATE

Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en vul asb. die 'nuwe lidmaatvorm' by hom in.

TEESKINK

Vanoggend skink Elize du Plessis se groepie. Sondag, 25 November is Nagmaal, dus geen tee nie. Harriet Labuschagne ☎0833047499 is die sameroeper van die diensgroep.

BYBELSTUDIES

Dinsdae om 18:30. Stinkhoutsingel 18 (Christa Snyman ☎0798779882).

Woensdae om 09:00 by die kerkgebou. (tensy anders per SMS gekommunikeer)

DR. FRANS MINNIE

Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk vir lidmate van Gereformeerde gemeentes. Kontak die Kerkkantoor vir afspraak. Donasies kan inbetaal word by: FNB

Tjekrekening No: 621 843 512 04,
Takkode: 250-945.

TRINITAS-BOEKHOEK

Neem gerus van die boeke agter in die saal om by die huis te lees en bring dit weer terug wanneer jy klaar is daarmee. Franciska vd Merwe ☎0827818032.

TRINITAS FAMILIE-ETE

- Sondag, **25 November** is nagmaal en die diakonie hou weer 'n familie-ete na die tyd by die kerk om 12:00.
- Kom kuier saam en geniet 'n lekker spitbraai teen **R50** vir volwassenes en **R30** vir laerskoolkinders. (Peter wou weet of daardie prys reg is, want dit was nie eens in die Bybel se tyd so goedkoop nie! Dis die diakonie se bydrae vir samesyn en ook om dankie te sê vir die ondersteuning deur die jaar so "**die prys is reg**")
- Prys vir wegneem-etes: R80 vir volwassenes en R60 vir kinders.
- Kaartjies te koop agter in die saal by die Welkomhoekie of kontak Christa Snyman ☎0798779882.



Dienskneg

OUDERLINGE AAN DIENS

Alan Brotherton, Dolf Jonker

DIAKENS AAN DIENS

Christa Snyman, Martinus Beumer

KOLLEKTES

Onder die erediens vir Diakonale Kas
Vandag – Instandhouding van erediens
25/11 – Koningskinders

GEHOORAPPARATE

Kan agter in die kerk onder die trap gekry word. Vra gerus die klankman vir hulp.

MEDEWERKERS

Die medewerkerslyste is in die saal by die ouderlinge se kennisgewingbord opgesit. Kontak gerus jou wyksouderling of vir Alan Brotherton ☎0834685243 met enige vrae.

DIENSGROEPE

Agter in die saal, langs die welkomsbank, is daar plakkate met al Trinitas se huidige diensgroepe. Kontak gerus die sameroeper van die groep waarby jy geroepe voel om betrokke te raak.

Nagmaal-diensgroep

Doel van die diensgroep

- ✓ Om te verseker dat die Nagmaal goed verloop tot geestelike opbou van die Trinitas-familie
- ✓ Om die Nagmaalsondag as 'n gereelde Trinitas familiedag te gebruik deur middel van 'n lekker familie-ete saam die dag

Bedieningsgeleenthede

- | | |
|-------------------------------------|--------------------------------------|
| ✓ Voorbereiding van nagmaaltafels ✓ | Help met beplanning van familie-etes |
| ✓ Bedien Nagmaal tydens eredienste | ✓ Voorbereiding van familie-etes |
| ✓ Opruim van nagmaaltafels | ✓ Opruim na die familie-ete |



Koördineerder:
Marie Oliver

Tel: 082 411 9783

SIEKEBESOEK DIENSGROEP

Kontak James en Toetie Terblanche ☎0825723328 en 0718721741 Baie dankie aan almal wat so getrou siekebesoek doen.

VERSPREIDING VAN KLERE

Kontak NF van Tonder ☎0823356698 indien u wil help met die verspreiding van klere wat die diakonie ontvang.



DIE HELPER bied praktiese hulp met klein takies in en om die huis vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir verswakke of bejaarde lidmate,

en vir enkellopende dames. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak NF van Tonder ☎0823356698.

KOSPAKKIE DIENSGROEP

Die volgende kan aangekoop word vir die kospakkies:

Sjampoe, handewasseep, wasgoedseep (koekies), toiletpapier, tandepasta, blikkies tamatie en uie, blikkies baked beans, blikkies gemengde groente, blikkies Pilchards, blikkies gemengde konfynt, grondboontjebotter, soja maalvleis,

pakkies sop, koffie, suiker, macaroni en cremora. Plaas dit in die houer gemerk 'diakonie skenkings' in die saal. **Jy kan ook 'n kospakkie borg @R200 (wat toiletware en kos insluit).**

Ons benodig koekies en lekkergoed vir die Desember-kospakkies wat op 28 November gepak word. Dit kan in die houer in die saal geplaas word.

Baie dankie vir u ondersteuning. Sonder u bydraes sou ons nie dié in nood kon help nie. Kontak gerus vir Jolani Lourens ☎0823359586 om te kom help pak.

4 Gestuur

EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS

Philip Snyman ☎0834681035,
Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of
Christa Snyman ☎0798779882.

HERWINNING

Kontak Maureen van Helden
☎0823922093 vir meer inligting.

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR

Kontak: Gert Visser ☎0834491036
Bydraes: Aksie Uitrek, ABSA, rek no.
9055971748



Kontakpersoon:

Hardus Visser
☎0828215642



ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR NOVEMBER

Vandag. Diakonievergadering
25 Nov. Nagmaal

29 Nov. Trinitas Dames saamkuier aand

GKSA NUUS

OP DIE KENNISGEWINGBORD

- Geopende Deure
- FEBA Nuus
- GK Cachet Eerstejaarskamp
- GK Stellenbosch Eerstejaarskamp
- Pretoria Eerstejaarskamp inligting
- GK Potch Die Bult Afskopkamp 2019
- Bloemfontein Eerstejaars 2019
- GKSA Jeug nuus
- Teologiese Fietstoer 2019
- Verblyf by Cachet
- Bybelpasingstoer na Malawi vir hoërskoolleerders en studente

TRINITAS WORD 10 IN 2019!

Ons beplan 'n groot fees op Saterdag die 25e Mei en 'n gesinsete op Sondag die 26e Mei 2019. Die doel van die verjaarsdagnaweek is om al die gemeentelede bymekaar te kry, saam te kuier en sodoende mekaar beter te leer ken.

LEË BLIKKIES

Ons benodig klein blikkies om vetplantjies in te plant. Daar is 'n houer in die saal waarin jy al jou skoon, leë blikkies kan gooi. Die jeug sal die blikkies verf en dan sal daar later vetplantjies in geplant word.

VETPLANTJIES

Die gemeente word versoek om enige vetplantsteggies nou al te begin kweek, sodat dit gereed sal wees om geplant te word.

PROGRAM

Die program vir die verjaarsdagnaweek sal binnekort in die nuusbrief geplaas word. Hou dus die spasioe dop!

WIT OLIFANTTAFEL

Ons wil tydens Trinitas se 10 jaar verjaarsdagfees 'n paar wit olifante verkoop. Die feeskomitee versoek almal om solank tydens die Desemberavakansie in en om julle huise te gaan krap en soek vir ongewensde (en steeds bruikbare) items om te skenk hiervoor. Ons sal vroeg in die nuwe jaar laat weet wanneer jy hierdie items kerk toe kan bring.

Kontak gerus vir Hestie Venter ☎ 0836498372 vir meer inligting oor die feesnaweek en indien jy enige vrae of voorstelle het.

KLEIN ADVERTENSIES

- Wiskunde-klasse. Elizma Powell ☎ 0792904140.
- Theuns Odendaal ☎ 0832561387 verkoop 'n verskeidenheid produkte.
- Algemene herstelwerk, Renier de Beer ☎ 0748917646.
- Meenthuis in Akkerlaan, Herfsoord te huur vanaf einde November. Chris Kruger ☎ 0823377639.

TRINITAS DAMES SAAMKUIERAAND OP 29 NOVEMBER

Alle Trinitas dames word hartlik uitgenooi na 'n heerlike saamkuieraand op Donderdag, 29 November om 18:00 vir 18:30 by die kerk. Teken solank die datum aan! Koste R50/persoon.

Tema: Die 'vrede' in Tevrede. 'Hy is stiltevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou'.

Verversings gaan bedien word.

Kaartjies te koop by Mathilda Erasmus ☎ 0723931692, die kerkkantoor en Rhona Greeff ☎ 0824427577.

KONTAK ONS

www.gktrinitas.co.za



GKTrinitas

Kerkkantoor: Elsabé Muller

☎ 0169825017 / 0724874258

Skriba: Gerrit van Wyk 0711032110

Koster: Elsa Prinsloo 0794778699

Kassier: Emil Janeke 0798725286

Afloskoster: Jan Swanepoel 0828422592

Orrelis: Nannes v.d. Walt 0833041841

Bankbesonderhede van kerk:

Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark
Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449

Diakonie bankbesonderhede:

ABSA Tjekrekening 530340457

Predikant: Peter Venter

☎ 0797338778

peter@gktrinitas.co.za

Huisgodsdienstriglyn
19-25 November

Lees saam: Matteus 5:12-16

Agtergrond:

Sout was 'n belangrike kommoditeit in die tyd waarin Jesus hierdie beeld gebruik. Sout is nie net as geurmiddel gebruik nie, maar veral as preserveermiddel in 'n wêreld sonder yskaste en koelkamers. So ook was lig baie belangrik. Daar was nie straatligte nie, so die lig wat wel in die donker gebruik is, was baie duidelik sigbaar.

So word ons opgeroep deur die beeld om sout en lig in die wêreld te wees.

Vrae:

- Hoe verskil die manier wat sout en lig beleef word?
- Waarom word dit so duidelik beskryf hoe 'n lig geplaas moet word om lig te gee?
- Hoe roep die Nagmaal jou op om sout en lig vir die wêreld te wees?

Bid:

- Dank God dat sy lig ook in ons kan skyn.
- Vra dat ons die lig sal uitstraal na die wêreld toe.
- Vra dat God dit sal afbreek wat ons gebruik om die lig weg te steek.

Sing saam: Ps. 47

Juig, o volke, juig! Handklap en betuig
voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!
Sing Hom lof en prys op verhewe wys,
want bo al wat leef en voor Hom moet beef,
sal sy septer wink en sy glorie blink -
Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!

Kry die begeleiding by:
<https://goo.gl/XvFrVA>



NAGMAAL-AANSOEKE IN TRINITAS

Ons wil baie graag hê dat Nagmaal die inspirerende en versterkende geleentheid vir elke Christen sal wees waarvoor Jesus Christus dit bedoel het: Om die evangelie prakties te kan sien, weer saam daarvoor bly te wees en bemoedig te word om met nuwe toewyding Jesus te volg as sy dissipels! Dit is daarom ook verder logies dat mense wat nie as belydende Christene sy dissipels is nie, nie Nagmaal kan gebruik nie. Ook mense wat hulself Christene noem, maar nie omgee om Jesus te volg nie en steeds hardnekkig in sonde volhard, kan nie aan Nagmaal deelneem nie. Party kerke gee nie werklik oor hierdie dinge om nie en het 'n 'oop' Nagmaal wat beteken dat enige persoon/besoeker Nagmaal kan gebruik. Ons gee wel om hieroor en het nie 'n 'oop' Nagmaal nie. In ons kerkverband (die GKSA) is Nagmaal net 'oop' vir mense van buite ons gemeente wat al hul geloof van gereformeerde aard openlik in 'n kerk bely het én van wie daar getuienis is dat hulle Jesus werklik met hulle lewens volg (Kerkorde Art 61). Dit is ons kerkraad se verantwoordelikheid om, sover dit moontlik is, hierdie getuienis na te gaan. Ons wil dit ook met wysheid doen en nie in liefdeloosheid God se kinders wegwys deur slaafs net wette te volg nie.

Die volgende kriteria geld dus tydens toelating tot Nagmaal by Trinitas:

- Lidmate uit ander gemeentes van die GKSA of ander gereformeerde kerke met wie die GKSA formeel bande kan het, kan by die kerkraad aansoek doen om saam Nagmaal te vier. Daar moet getuienis wees van hul lidmaatskap, asook van hulle lewenswandel.
- Lidmate van kerke buite hierdie kringe kan ook met erkende getuienis (oor hul belydenis en lewenswandel) deur die kerkraad toegelaat word.

Nagmaal is dus nie oop vir enigeen om op die ingewing van die oomblik te kom deelneem nie. Daarom gee ons hieronder die volgende riglyne.

Indien jy vriende/familie het wat nie lidmate is nie en saam Nagmaal wil vier, vra ons:

1. Dat jy vooraf sy/haar voorneme aan 'n ouderling of die predikant bekend sal maak.
2. Dat jy sal vra dat so iemand een van die volgende *vooraf* sal doen:
 - a. 'n brief van getuienis vanaf sy/haar kerk sal laat aanstuur waarin die Nagmaalviering aanbeveel word;
 - b. of kontakbesonderhede van sy/haar plaaslike predikant/ouderling sal voorsien;
 - c. of ten minste 'n geleentheid sal help reël waartydens die wese van Nagmaal deurgepraat kan word met daardie persoon – saam met ons ouderlinge en/of predikant.
3. Hierdie aansoek moet op die heel laaste *vier dae* voor die betrokke Nagmaal (tipies die voorafgaande Woensdag) aan ons kerkraad bekend wees. Dit sal verseker dat daar genoegsame tyd is om op te volg indien daar verdere inligting oor die getuienis benodig word.
4. Indien die persoon 'n lidmaat van 'n Gereformeerde Kerk is, kan daar egter steeds met die nodige getuienisbrief die Sondagoggend voor Nagmaal aansoek gedoen word.
5. Die Kerkraad sal dus nie sonder genoegsame getuienis enige Nagmaal-aansoeke aanvaar nie. Ons hoop jy verstaan hoe ons Nagmaal-aansoeke werk, veral hoekom dit so werk en dat jy dit ook só vir jou gaste kan verduidelik. Ons wil regtig graag hê dat Nagmaal nie ongelukkigheid moet veroorsaak nie, maar op 'n verantwoordelike manier, met die grootste moontlike betekenis van groot waarde vir almal sal wees.